

JouGeldsake

Saterdag, 2 Augustus 2008

Sasol-aandele 'n goeie hulpbron-opsie



Geldwys
Hannes Smuts

Heelwat fondsbestuurders en adviseurs het die afgelope paar maande aanbeveel dat beleggers 'n defensiewe benadering moet volg tot aandelekeuses vir 'n beleggingsportefeulje.

Die aanbeveling het behels dat beleggers ondergewig in hulpbron-aandele soos Anglo American, BHP Billiton, Arcelor Mittal, Exxaro, die onderskeie goud- en platinum-mynhuise en, in mindere mate, Sasol behoort te bly.

Die siening was deurgaans dat die aansienlike daling die afgelope jaar in die aandelepryse van baie gevestigde finansiële en nywerheidsmaatskappye tot gevolg gehad het dat hulle baie goedkoop begin lyk het in vergelyking met hul hulpbron-eweknieë.

Onlangse prysdalinge in hulpbron-aandele het egter beteken dat 'n mens die siening moes heroorweeg. Heroorweging is in besonder deur die 20%-daling in die Resi 20-indeks gedurende die eerste drie weke van Julie genoodsaak. Het dié aandelepryse ver genoeg gedaal om 'n verandering in beleggers se siening te regverdig?


Hulpbron-bulle se saak rus op



'n Raffinadery van die Tamoil-maatskappy in Collombey in die suide van Switserland. Beleggers is tot onlangs aangeraai om ondergewig in hulpbron-aandele soos Anglo American, BHP Billiton, Arcelor Mittal, Exxaro, die goud- en platinum-mynhuise en, in mindere mate, Sasol te bly. Maar onlangse prysdalinge in hulpbron-aandele beteken dat 'n mens hierdie siening moet heroorweeg.

Foto: DENIS BALIBOUSE, REUTERS

drie pilare. Die eerste is die volhoubaarheid van die vraag na, en die prys van, hulpbronne uit die opkomende ekonomieë in Asië,



Oos-Europa en Suid-Amerika.

Die tweede pilaar is die lang aanlooptyd vir projekte en beduidende kapitaal wat nodig is om die aanbod te verhoog. Die situasie word deur 'n tekort aan kundigheid en toerusting vererger.

Derdens maak hulpbron-bulle staat op die swakte in die Amerikaanse dollar weens 'n voortdurende waarde-afname in die huismark en verliese in die banksektor.

'n Mens moet erkenning gee aan die moontlikhede van dié scenario's. Daarom word beleggers aangeraai om matige blootstelling aan hulpbronne te behou.

Die risiko bestaan dat die aansien van hulpbronne verder sal taan namate stabiliteit na die

Amerikaanse huismark en finansiële instellings terugkeer. Dit sal waarskynlik lei tot 'n sterker dollar, wat 'n demper op hulpbron-pryse sal plaas. Gebeur dit, sal die markte vinnig reageer deur hulpbron-aandele te straf en die pryse van nie-hulpbron-aandele te laat styg.

Sasol, waarvan die aandeleprys met ongeveer 15% geval het, is moontlik 'n uitsondering. Sasol is 'n unieke internasionale olie- en gasmaatskappy met uitgebreide chemiese belange. Sy bedrywighede en batebasis is gevestig en winsgewend. Bykans al sy projekte wat in die voorsienbare toekoms sal inskop, sal sy winsgewendheid verbeter.

Die groep beklee 'n onaanvegbare posisie in steenkool-tot-vloeistof- en gas-tot-vloeistof-tegnologie. Die groep brei voortdurend wêreldwyd uit. Voorbeelde sluit in gesamentlike ondernemingsprojekte in Katar en Nigerië wat op die vervaardiging van vloeibare brandstof uit gas fokus, sowel as toetsprojekte in China vir ten minste twee steenkool-tot-brandstof-aanlegte.

Maar bied Sasol se aandele tans genoeg waarde? Die antwoord is grotendeels in aannames oor die olieprys en wisselkoers. Ontleders raam dat Sasol se verdienste, teen 'n gemiddelde olieprys van sowat \$120 per vat en 'n wisselkoers van R8 teenoor die dollar in die boekjaar tot einde Junie 2009 sowat R65 per aandeel kan beloop.

Diegene wat bereid is om op dié aannames te steun, kan gerus teen huidige prysvlakke belê.

■ Smuts is 'n senior portefeuljebestuurder en aandelemakelaar van PSG Konsult.

Sake24

Saterdag, 19 Julie 2008

Rapport Loopbane

Sondag, 27 Julie 2008